
DIE SWART
LUIPERD
no. 56
Die Legende
van Kumara
MEIRING FOUCHE


René Voges tref die inboorlingwag daar by die tentjie met sy voete vlak voor die bors net soos die Swart Luiperd hom beveel het om te doen. Die Luiperdman se voete vang die nok van die tentjie en hy trap hom skoon uit die grond.

René slaan die gevalle wag 'n woeste hou op die slaap, spring op en loop soos 'n springbok om die donker te haal. Demitrof vuur 'n skoot op hom maar die student is te vinnig. Hy glip agter die eerste stam in.

Ondertussen ruk die Luiperdman die gevalle tentjie van Jacqueline Waterford af, raap haar op, slinger haar oor sy skouer en met 'n paar lang hale storm hy weg na die donkerte. 'n Hele paar skote knal, maar hy beweeg so vinnig heen en weer dat Demitrof–hulle hom net nie kan raakskiet nie. Met die meisie nog steeds oor sy skouer, vlug hy en René verder die donkerte in.

Stofomslag: Chris du Plooy

6 000256 000063



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Grusame Vonds | 3 |
| 2. | Kewers en Goud | 11 |
| 3. | Drama in die Gras | 22 |
| 4. | Naelloop teen die Dood | 33 |
| 5. | Botsing | 43 |
| 6. | Die Set | 54 |
| 7. | Na die Suide | 64 |
| 8. | Die Pad Loop Dood | 73 |
| 9. | Onbekende Pyl | 82 |
| 10. | Verrassing langs die Afgrond | 90 |


## Hoofstuk 1

## GRUSAME FONDS

Die ruiter kom vinnig oor die hoogland van Uganda naby die noordelike punt van die meer Victoria. Hy ry op 'n stywe galop en die blink hings wat hy ry, gooi sy hoewe hoog en kap die afstand met lang hale af. Dit is 'n pragtige wêreld hierdie met sy wye grasvlaktes waarop die groot wildtroppe oopbars wanneer die ruiter nader kom, waarop die gras heerlik groen staan na die eerste reëns, waar die krone van die bome dig en rond is en waar die rotskoppies in die afstand suiwer purper is.

Weerskante voor die swart hings beweeg twee yslike jagluiperds met lang, lustige hale deur die gras. Dit is twee besondere luiperds hierdie want hulle behoort aan die Swart Luiperd, die Suid-Afrikaanse Oerwoudman wat nou juis na 'n lang omswerwing uit Zaire op pad terug is na Dar-es-Salaam waar hy wil skeepgaan terug na Suid-Afrika.

Hy verlang huis toe, na sy beesplaas op die Transvaalse Hoëveld, na sy vrou en sy seun. Daarom dat hy sy hings Donker so laat spring. Sy gedagtes is gedurig besig met die reis terug. Dit is daarom dat hy aanvanklik nie die snaakse gedrag van sy twee luiperds agterkom nie. Maar meteens tref dit hom. Hulle het hul vaart afgebreek, hulle het altwee na die veldpad toe geswaai waarin hy ry. Hul neuse is op die grond, hul ore is agteroor getrek, en toe bemerk die lang, opmerksame man ook wat hulle sien. Dit is 'n sleepsel in die betreklik sagte rooi grond van die veldpad. Hy hou vir Donker dadelik in en betrag die besigheid. Daar kom 'n eienaardige gevoel van teleurstelling en tegelykertyd ook van opwinding in hom op. Teleurstelling omdat hy hier op iets afgekom het wat moontlik sy reis huiswaarts kan onderbreek; opwinding omdat hy onmiddellik besef dat hy hier met iets buitengewoons te

doen het.

Dit is 'n eienaardige sleepsel hierdie. Dit is eintlik 'n dubbele sleepsel, duidelik in die grondpad afgeteken. Eers verbeel hy hom dat dit 'n sleepsel is wat gemaak is deur die een of ander bok. Hy sien die yslike leeuspoor en aan die begin neem hy aan dat die maanhaar sy prooi hierlangs gesleep het. Maar toe weet hy van beter. Hierdie dubbele sleepsel is nie dié van 'n paar horings nie. As dit horings was, sou die twee strepe in die grond ewewydig met mekaar geloop het, sou die voortjies in die grond dieper en skerper gewees het. Hierdie is egter 'n plat sleepsel. Die twee strepe loop nie altyd ewewydig met mekaar nie.

Met 'n koue siddering besef die Swart Luiperd opeens dat hierdie sleepsel gemaak is deur die voete van 'n mens; die slap voete van 'n mens wat hier deur 'n leeu gesleep is.

Hy kyk vinnig om hom heen, maar hy gewaar niks. Dit is vir hom duidelik dat hierdie sleepsel al meer as 'n nag oud is, maar dit verminder geensins sy nuuskierigheid en belangstelling nie. Iewers moet daar fout wees as 'n leeu sommer 'n mens in hierdie grondpad langs gesleep het. Hy roer sy perd dadelik aan, volg die sleepsel met die grondpad af en nie te ver nie, toe draai hy na regs uit deur die gras en voordat hy nog besef dat hy die einde van sy kort reis bereik het, kom hy af op 'n aaklige toneel in 'n klein sandlopie onder 'n groot soetdoring. Daar lê die verbryselde beendere van 'n mens. Stukke bebloede klere is deur die wilde diere rondgesleep en verskeur. Daar lê 'n paar stewels. Aan die eenkant 'n breërand hoed. Die wêreld is hier fyngetrap deur hiënas, jakkalse en aasvoëls. Hierdie stomme slagoffer se gebeente is kaal gevreet. Met 'n rilling sluit die Swart Luiperd sy oë 'n slag, klim van Donker af en stap nader. Daar is nie veel meer te sien nie, behalwe die beendere, verskeurde klere en die hoed. Hy kan nie eens vasstel of hierdie 'n blanke of nie-blanke was nie.

Mislik as gevolg van wat hy daar sien, klim hy maar weer op





die hings se rug en ry op die sleepsel terug. Hy volg dit tot in die pad, daarvandaan met die pad terug totdat dit hierdie keer weer na regs in 'n ander rigting uitdraai. Reg voor hom, omtrent op 'n honderd tree, is 'n skerp, hoë rotsagtige rug en dit is toe hy dit nader dat hy die paar aasvoëls in die bome sien. Geprikkel deur die verwagting dat die grusame toneel wat hy nou net aanskou het, nog nie die hele prentjie uitmaak nie, druk hy vir Donker met die hakke en ry op 'n stywe galop na die rotsrug toe. Hy weet dat die sleepsel daarvandaan kom, want sy twee tiers beweeg in dieselfde rigting met hul neuse op die grond.

Die Luiperdman ry tussen die rooierige rotse deur en op die rug van die rif hou hy stil. Hier, 'n entjie voor hom, sien hy iets wat hom met nuwe verbasing vervul. Hy kyk die omgewing goed deur voordat hy weer beweeg. Toe ry hy teen die rug af tot daar waar hy die ligte vragmotor op sy sy sien lê. Hier aanskou die Swart Luiperd 'n nog verbasender toneel. Die ligte vragmotor is nie alleen op sy kant omgegooi nie, maar is totaal uitgebrand. Daar is 'n chaos van waterkanne, brandstofkanne, gebreekte kiste, stukke beddegoed, verskeurde klere.

En hier, 'n paar tree van die vragmotor af, lê drie lyke. Ook hùlle is vermink en verskeur, net soos die een wat hy daar anderkant in die sloot gekry het. Maar hierdie keer kan hy uit die klere aflei dat twee van die persone blankes was en die een 'n inboorling. Die Luiperdman moet homself dwing om die grusaamheid daar voor hom te aanskou. Hy wonder watter verwoesting hierdie stomme reisigers getref het. Hy wonder wie hulle is en wat hulle hier kom soek het in hierdie afgeleë deel van Uganda naby die grens van Zaire waar blankes hulle gewoonlik baie selde waag. Dit is 'n gevaarlike wêreld hierdie, nie alleen as gevolg van die groot klompe roofdiere wat hier te vind is nie, maar ook as gevolg van die feit dat hier nog uiters primitiewe inboorlangstamme woon wat partykeer blankes se lewens eis net omdat dit 'n

blanke is.

Hy kyk die toneel 'n bietjie noukeurig deur, asook die lyke. Die twee blankes is onherkenbaar vermink maar hy sien aan hulle geen tekens van aanvanklike geweld nie. Met die inboorling is dit egter anders. Voor aan die skedel sien die Swart Luiperd 'n duidelike koeëlronde gaatjie. Dit kan net een ding beteken—dat hierdie skepsel deur die kop geskiet is. Dit tref die Swart Luiperd as eienaardig. Hy het die indruk dat hierdie reisigers deur inboorlinge oorval is. Maar as dit dan so is, waarom het hulle dan hierdie inboorling ook vermoor? Dit kan hy nou nie kleinkry nie.

Woordeloos van skok en ontsteltenis trap die Luiperdman daar rond op die vreemde toneel. Behalwe vir die gekras af en toe van 'n paar aasvoëls in die bome is alles so stil soos die graf. Dit voel asof die hele omgewing in die greep van die dood is. En die aakligheid hier onder die rotsing staan in skerp kontras met die skoonheid van die natuur so welig en so groen, so ongerep.

Ook hier is die grond snuif getrap deur die diere en aasvoëls. Daarom stap die Luiperdman 'n wye kring om die moordplek. Dit is aan die oostekant wat hy die dowwe spoor sien. 'n Stewelspoor. Dit verbaas hom so dat hy onmiddellik daarby gaan hurk en dit noukeurig betrag. Hy moet fyn kyk want hier het baie diere geloop, maar die afdruk van 'n stewelspoor is onmiskenbaar in die sagte grond van 'n breë loop wat hier afskiet tot by wat vir hom lyk soos 'n dieperige, nou klofie wat taamlik ruig begroei is.

Verbasing is nou warm in hom. Wie sou dit dan wees wat hier gestap het? Of was dit miskien een van daardie ongelukkiges wat hierlangs gestap het voordat die dood toegeslaan het? Dit is heeltemal moontlik. Miskien het een van hulle maar iewers heen gestap voordat hulle oorrompel is.

Tog laat die Swart Luiperd sy nuuskierigheid nie so maklik bevredig nie. En toe hy bokant die klofie 'n oomblik die vlerke van 'n aasvoël sien flits, rek sy oë en kom daar 'n nuwe, hete belangstelling in die groot man. Hy swaai stadig weer in die saal en volg die spoor. Dit gaan hier al in die sandloop af in die rigting van die klofie. Die spoor is al dof. Dit is seker ook al 'n nag of so gelede hier getrap. Tog is dit taamlik duidelik in die sagte sanderige grond.





Toe hy die top van die klofie bereik, sien die Luiperdman ver na onder toe die paar aasvoëls draai. In die ruigtes daar sit 'n paar ander in die toppe van die bome. 'n Oomblik voel hy eienaardig dankbaar dat daar op die ou wêreld tog so iets is soos die vieslike, vraatsugtige aasvoël. Hulle openbaar so veel geheime wat andersins miskien vir altyd geheime sou bly.

Hy stuur sy twee tiers vooruit en hy roer vir Donker vinnig na die klofie af. Die teleurstelling is nou skerper in hom. Waarom moes hy nou juis op hierdie tydstip hierdie toneel ontdek het? Hy het so lekker vinnig gevorder uit Zaire op pad na Dar-es-Salaam. Asof hulle ook besef het dat hulle op pad huis toe is, het die twee luiperds, Spikkels en Simson, flink en vinnig beweeg gedurende al hierdie dae wat hy al trek. Dieselfde met sy perd. Dit was nog altyd asof ou Donker op pad was na 'n gerf groenvoer in die stal. En hy wat die Luiperdman is, het elke oomblik van elke dag uitgesien na die heerlike tuiskoms. Maar nou is hul reis weer onderbreek. Hy kan hierdie eienaardige toneel nie sommer so agterlaat nie. Hy sal dit iewers by die owerheid moet gaan aanmeld sodat vasgestel kan word watter vreemde lot hierdie mense in hierdie eensame kontrei getref het.

Hy nader vinnig die plek waar die aasvoëls draai. Hy gril toe hy daaraan dink dat hy miskien 'n nuwe grusaamheid sal moet aanskou. Hy is 'n man wat gehard is deur die gevare van die oerwoud en deur die onverwagte strikvalle van oerwoud en vlakte. Maar as daar een ding is wat hy nie kan verduur nie, dan is dit tonele soos hierdie wat hy nou net aanskou het. Dit vul hom altyd met 'n eienaardige weemoed—of die slagoffers nou mense of diere is. Nog elke keer wanneer hy op sy reise deur die woude op die

karkas van 'n olifant of 'n leeu of 'n kameelperd afgekom het, het dit hom ontstem en het hy hom al so baie maal afgevra waarom die oerwoud maar ook nie kan wees soos die paradys, sonder enige geweld en sonder enige moord en doodslag nie.

Deur die ruigtes voor hom kan hy nog nie mooi sien wat gaande is nie. Maar toe Spikkels en Simson hier 'n entjie voor die perd begin grom, weet hy dat dinge hier nie pluis is nie. Hy is onmiddellik op sy hoede. Hy wil nie hier deur 'n onbekende vyand oorval word nie. Is dit 'n dier wat Spikkels en Simson gewaar het? Dit sal hom nie baie ontstel nie, want op die lis en geslepenheid van die dier is die Oerwoudman altyd voorbereid. Die diere van die oerwoud vrees hy nie, want hy ken hulle en hy weet hoe om homself te vrywaar teen hul aanvalle. Dit is die tweevoetige tipe wat hy vrees. Want hy weet dat die mens baie wreder en baie gevaarliker as die mees bloeddorstige onder die diere is. 'n Luiperd sal jou van agter kom aanval, maar jy ken hom so en daarom is jy op jou hoede. 'n Leeu sal jou omtrent altyd 'n kans gee voordat hy toeslaan. 'n Buffel raas so dat 'n mens altyd die indruk kry dat hy jou eers wil waarsku. Maar as die menslike vyand wil aanval, dan het jy te doen met stille bedrog wat jou weerloos kan laat sonder dat jy 'n hand kan optel.

Nou is die Swart Luiperd so na aan hierdie onbekende toneel dat die paar aasvoëls uit die kruine van die bome opvlieg. Hierdie klofie is egter so dig begroei dat hy nog nie mooi kan sien nie. Hy druk vir Donker nog 'n entjie verder deur die ruigte en hy luister na die toenemende geknor van sy twee tiers. Dit is nou 'n opgewonde, byna woedende geknor en hy besef dat hulle iets sien wat hy nog nie sien nie.

Toe hy onder 'n swaar soetdoring stilhou en voor hom uitloer tussen tak en struikgewas deur, gee sy hart 'n ruk. Daar, skaars tien treë voor hom, sit 'n yslike ou maanhaar op sy agterstewe onder 'n wildevyeboom, die swaar kop omhoog gehef, die swart





stertkwas swaaiend. Meteens raap die mannetjie hom met 'n kort brul op en kap wild met sy twee voorpote na 'n dwarstak van die boom wat ewewydig met die grond uitloop. Hy val terug, skud sy swaar kop en swaai sy stert woedend, grom 'n slag sodat dit voel asof die takke hier bokant die Swart Luiperd saggies tril. Hy rek daardie gevaarlike bek groot en maak 'n geluid wat klink soos 'n gaap.

Die Swart Luiperd som hom onmiddellik op. Hy is 'n ou kalant. Hy is swaar kruppel aan die voorbeen. Hy kan nie meer 'n hartbees of 'n sebra inloop nie. Hy kan ook nie meer sommer gaan aansit by 'n leeuemaaltyd nie want hulle beskou hom as 'n indringer. Hy is oud en afgeleef. Hy is kreupel en daarom moet hy maar leef van wat hy kan vind.

Dit is egter nie die leeumannetjie wat die Luiperdman se aandag in beslag neem nie. Hy het net een maal vlugtig na die mannetjie gekyk en toe weet hy alles omtrent hom wat hy wil weet. Daardie toiingrige maanhaar. Daardie wondvlekke op sy vel, daardie knoetsige voorkoms van die ou bakkies en die pluisieagtige sterktkwas het in een oomblik aan die Swart Luiperd die hele verhaal vertel van hierdie ou mensvreter wat nie meer kan wild vang nie.

Die figuur wat egter sy volle aandag in beslag neem, is die een wat daar op die dwarstak uitgestrek lê, net so hittete buite die bereik van die ou mannetjie wanneer hy spring. Daardie figuur lê roerloos stil met sy arms krampagtig om die tak geklem, sy liggaam lank en reguit daarop uitgestrek. Dit is 'n man met kakieklere aan en 'n paar swaar stewels. Hy is donker. En die eerste indruk wat die Luiperdman kry, is dat hy betreklik jonk is.

Die ou mannetjie het onvergenoegd 'n draai onder die tak gegooi en nou gaan hy weer sit. Hy swaai weer daardie stert, grom saggies, skud 'n slag die maanhaar.

En toe sien die Luiperdman iets wat hom laat ys. Daardie man

se een been het van die stam afgegly en hang gevaarlik omlaag. Die leeumannetjie sien dit onmiddellik en hy grom dieper. Dit lyk asof hy sy agterstewe vaswikkel op die grond soos hy hom gereed maak om te spring. En hierdie keer, dit weet die Swart Luiperd, sal daardie sprong nie vergeefs wees nie, want hy sal hoog genoeg kan opréik om daardie vreemdeling se been vas te gryp.

Die man wat weet dat sekondes in die oerwoud tel, bars met so 'n bloedstollende lawaai onder die doringboom uit, dat hy die ou leeumannetjie op die laaste tippie van plan laat verander. Die ou spring verskrik orent en toe sien hy eers die swart gevaarte op hom afpyl. Die Luiperdman jaag hom sommer trompop storm en die twee jagluiperds skiet soos twee geel blitse op hom toe. Hy skrik eers en spring opsy onder die boom uit. Maar toe steek hy dreigend vas. Hy wys daar op die plek dat hy hom nie deur twee grommende jagluiperds en 'n vreemde figuur op 'n swart perd van sy regmatige prooi af gaan laat verdryf nie. Daardie groot bakkies verplooi, die verweerde ou geel tande word ontbloot en hy staan dreigend en woedend daar. Die Luiperdman het sy lang boog afgeruk en met vlugge behendigheid plaas hy die pyl teen die snaar.

En dit is net op daardie selfde oomblik toe die man op die tak stadig oorskuif asof die gewig van sy loshangende been hom afrem van die stam af.

,,Pas op, man,'' skreeu die Swart Luiperd. ,,Word wakker. Bly waar jy is.''

Maar die kêrel verstaan dit nie of hy hoor dit nie, want sy liggaam skuif stadig van die tak af en toe val dit met 'n sagte plof op die grond—seker nie meer as drie treë voor die bedorwe, kwaadwillige ou maanhaar nie. Die ou, wie se honger deur sy ingevalle dye weerspieël word, verloor dadelik belangstelling in die indringers en maak hom klaar om op sy prooi toe te skiet. Hy brul een maal hard en dreigend en toe raap hy hom op vir die kort sprong wat hom op die gevalle man sal laat beland.





## KEWERS EN GOUD

Die Swart Luiperd se pyl vlieg vinniger as die sprong van die bedorwe ou leeumannetjie. Toe hy hom opraap, tref die pyl hom in sy kuiltjie en dit lyk asof die dun riet die kolos van 'n ou dier nie alleen in sy spore stuit nie, maar hom selfs terugslinger. Met 'n trillende brul kom hy orent en terwyl die bloedskuim meteens by sy bek uitvlieg, gryp hy na die pyl. In sy blindelingse worsteling is hy byna bo-op die man wat daar lê en hy gaan so te kere dat die Luiperdman nie kan waag om nog 'n keer te skiet nie.

Dit is egter ook nie nodig nie want sy twee luiperds bevlieg die leeu soos twee besetenes. Simson vlieg sommer onder die worstelende ou dier se pens in terwyl Spikkels hom van agter beetkry en hom so hard knyp dat hy met 'n donderende brul eenkant toe spring. In een flitsende sekonde staan hy hygend daar, die bloed borrelend deur sy neus en sy nek terwyl Spikkels en Simson die posisie vlugtig deurkyk voordat hulle hom weer bevlieg. Dit is op daardie oomblik dat die Swart Luiperd sy tweede kans kry. Met 'n harde klap vlieg die pyl kort agter die mannetjie se blad tussen sy ribbes in. Dit is die skoot wat die Oerwoudman altyd skiet as hy net die geringste kansie kry. Want hy weet dit is 'n doodskoot. Sekuur vlieg die pyl deur die leeu se hart. Hy los 'n hoë, trillende brul, steier 'n slag op sy agterpote en kom byna reg op sy rug te lande, kap en skop wild met sy groot pote. Hy worstel weer orent, probeer die veiligheid van die struikgewas opsoek, maar toe knak sy bene onder hom en met 'n swaar roggeling syg hy stadig op die grond neer terwyl Spikkels en Simson hom noukeurig dophou vir geval hy van plan verander en tot die aanval terugkeer.

Hul waaksaamheid is egter onnodig. Die ou mannetjie gee 'n paar laaste stuiptrekkings en toe lê hy doodstil.